PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

PAUL ROOS GIMNASIUM VS GREY HIGH, GQEBERHA

25 APRIL - 28 APRIL 2024

Beste Ouer

Die Interskole tussen Paul Roos Gimnasium en Grey High vind op die bogenoemde datums in Gqeberha plaas.

Dit is 'n unieke ervaring vir elke Paul Rooser en 'n geleentheid om deel te wees van die 46 spanne wat teen Grey High gaan kompeteer.

Die spanne is in nege groepe, afhangend van hul reis- en verblyfreëlings, verdeel.

Ongelukkig bied Grey High nie sokker as 'n sport aan nie en het ons dus vir hierdie spanne alternatiewe wedstryde teen Hoërskool Victoria Park gereël.

Die volgende spanne sal na Gqeberha reis:

Rugby: 19A – **G**, 16A – D, 15A – **E**, 14A – E
Hokkie: 19A – F, 16A – F, 14A – D
Sokker: 19A & B, 17A & B, 15A & B, 14A – B (Sokker sal teen HS Victoria Park meeding)
Tennis: 19A & 15A
Muurbal: 19A-span en 16A-span met 6 spelers elk
Gholf: 1ste, 2e 3e spanne
Landloop: **8** deelnemers
Skaak: **7** spelers
Bergfiets: **18** ryers
Drumline
Dirigente
E-sport (aanlyn)
Debating: 1 x Senior

Groep 1: 19A-Rugby, 19A-Sokker (R7 600 p.p.)

Die 19A-rugbyspan sal op SAFAIR vlug FA 130 (12:35 - 13:55) op Donderdag 25 April vanaf Kaapstad na Gqeberha reis. Alle leerders moet reeds om 10:30 in hul uitstapdrag by die SAFAIR-toonbank te Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld.

Die 19A-sokkerspan sal op Donderdag 25 April op SAFAIR-vlug FA 134 (16:45 – 18:05) na Gqeberha reis. Alle leerders moet reeds om 14:30 in hul uitstapdrag by die SAFAIR toonbank te Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld.

Elke seun is verantwoordelik vir sy eie vervoer na die lughawe. Vervoerreëlings sal vir koshuisleerlinge getref word en sal via hul koshuishoofde direk aan hul gekommunikeer word.

Beide spanne sal vir drie aande in Gqeberha bly. Die 19A-rugbyspan sal in die A & A Gastehuis tuisgaan en die 19A-sokkerspan in die Sun 1 en die **Fernando's Gastehuis (Saterdagaand)**. Alle etes sal vanaf Donderdagaandete tot Sondagoggend se ontbyt voorsien word.

Beide spanne sal Sondagoggend om 08:00 met SAFAIR-vlug FA 137 terugkeer na Kaapstad om weer gereed te maak om op Dinsdag 30 April om 05:30 per bus na Kimberley te vertrek vir die Wildeklawertoernooi. Busvervoer sal seuns na die lughawe in Gqeberha neem.

Alle seuns is verantwoordelik vir hul eie vervoer vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe die Sondagoggend.

Groep 2: 19A-Hokkie, 1e Tennis (R3300pp)

Beide spanne sal Donderdag 25 April op SAFAIR-vlug FA 130 (12:35 - 13:55) vanaf Kaapstad na Gqeberha reis. Alle leerders moet reeds om 10:30 in hul uitstapdrag by die SAFAIR-toonbank te Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld.

Elke seun is verantwoordelik vir sy eie vervoer na die lughawe. Vervoerreëlings sal vir koshuisleerlinge getref word en sal via hul koshuishoofde direk aan hul gekommunikeer word.

Beide van hierdie spanne sal vanaf 17:30 die Donderdagaand deur Grey High gehuisves word. **Slegs die tennisspan** sal weer Saterdagaand met die bus na Stellenbosch terugkeer. Grey-gashere sal verantwoordelik wees vir alle etes vanaf Donderdagaand tot Saterdagaand.

Busse sal om **18:00** vanaf Grey High vertrek en behoort vanaf **05:00** op Sondag 28 April by PRG te arriveer.

Groep 3: Gholf: Sun City-groep (R5800 p.p.)

Hierdie seuns sal Donderdag 25 April met AIRLINK-vlug 4Z 671 (06:35 – 07:45) na Gqeberha reis. Met aankoms sal die gholfspelers 'n oefenrondte op Port Elizabeth Gholfbaan speel. Middagetes sal vir alle spelers by die baan voorsien word.

Alle leerders moet reeds om 04:30 in hul uitstapdrag by die AIRLINK-toonbank te Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld. Elke seun is verantwoordelik vir sy eie vervoer na die lughawe. (Vervoerreëlings sal vir koshuisleerlinge getref word en sal via hul koshuishoofde direk aan hul gekommunikeer word.)

Hierdie seuns sal vanaf 17:30 Donderdagaand tot Saterdagmiddag deur Grey High gehuisves word. Grey-gashere sal vir alle etes vanaf Donderdagaand tot Saterdagaand verantwoordelik wees.

Hierdie spelers sal Saterdagaand om 18:40 op SAFAIR-vlug FA 135 terugkeer na Kaapstad om weer gereed te maak om op Maandagoggend 29 April na Johannesburg te

vertek. Busvervoer sal vir seuns na die lughawe in Gqeberha gereël word. Die bus sal om 16:30 vanaf Grey High vertrek.

Alle seuns is Saterdagaand verantwoordelik vir hul eie vervoer vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe.

Groep 4: Gholf: Spelers wat nie Sun City toe gaan nie (R4500 p.p.)

Hierdie seuns sal op Donderdag 25 April op AIRLINK-vlug 4Z 671 (06:35 – 07:45) na Gqeberha reis. Met aankoms sal die gholfspelers 'n oefenrondte op Port Elizabeth Gholfbaan speel. Middagetes sal vir alle spelers by die baan voorsien word.

Alle leerders moet reeds om 04:30 in hul uitstapdrag by die AIRLINK-toonbank te Kaapstad Internasionale Lughawe aanmeld. Elke seun is verantwoordelik vir sy eie vervoer na die lughawe. (Vervoerreëlings sal vir koshuisleerlinge getref word en sal via hul koshuishoofde direk aan hul gekommunikeer word.)

Hierdie seuns sal deur Grey High gehuisves word vanaf 17:30 op Donderdagaand tot Saterdagmiddag. Grey-gashere sal verantwoordelik wees vir alle etes vanaf Donderdagaand tot Saterdagaand.

Hierdie groep sal Saterdagaand met die bus na Stellenbosch terugkeer. Busse sal om **18:00** vanaf Grey High vertrek en behoort vanaf **05:00** op Sondag 28 April by PRG te arriveer.

Groep 5: Sokker 19B, 17A & B, 15A & B, 14A & B, Drumline, Dirigente (R2850 p.p.)

Hierdie spanne sal op Vrydagoggend (26 April) om 05:00 per bus vanaf PRG vertrek om ongeveer 16:30 in Gqeberha te begin arriveer. Al hierdie spanne sal op Vrydagaand (26 April) in die Sun 1 Hotel oornag**. Etes sal by die Chapman Hotel geëet word.**

Hierdie groep se wedstryde sal Saterdagoogend teen HS Victoria Park plaasvind waarna die groep weer by die res van die skool by Grey High sal aansluit.

Hierdie groep sal Saterdagaand met die bus terugkeer na Stellenbosch. Busse sal om **18:00** vanaf Grey High vertrek en behoort vanaf **05:00** op Sondag 28 April by PRG te arriveer.

Groep 6: 14A-Rugby (20 spelers), 15A-Rugby (21 spelers) (R3300 p.p.)

Hierdie spanne sal om 05:00 op Vrydagoggend (26 April) per bus vanaf PRG vertrek om ongeveer 16:30 in Gqeberha te arriveer en teen 17:00 by Grey-gashere uitgeplaas te word waar hulle dan Vrydagaand sal oornag.

Grey-gashere sal verantwoordelik wees vir alle etes vanaf Vrydagaand tot Saterdagaand.

Hierdie spelers sal Saterdagaand om 18:40 op SAFAIR- vlug FA 135 terugkeer na Kaapstad om weer gereed te maak om op Dinsdag 30 April om 05:30 per bus na Kimberley te vertrek vir die Wildeklawertoernooi. Busvervoer sal seuns na die lughawe in Gqeberha neem.

Groep 7: 16A-Rugby, 19B-Rugby (reserwes vir 19A vir Wildeklawertoernooi) (R4000 p.p.)

Hierdie spanne sal op Vrydagoggend (26 April) om 05:00 per bus vanaf PRG vertrek om ongeveer 16:30 in Gqeberha te begin arriveer om teen 17:00 by Grey-gashere uitgeplaas te word waar hulle dan Vrydagaand sal oornag.

Na afloop van Saterdag se hoofwedstryd sal dié spelers na die A & A Gastehuis en **Ingleton Lodge** geneem word waar hulle die aand sal oornag. Die 19B-spelers sal Sondagoggend saam met die 19A-groep terugvlieg op SAFAIR-vlug FA 137.

Die 16A-rugbyspan sal Sondag om 13:30 op SAFAIR vlug FA181 terugkeer na Kaapstad om weer gereed te maak om op Dinsdag 30 April om 05:30 per bus na Kimberley te vertrek vir die Wildeklawertoernooi. Busvervoer sal vir seuns na die lughawe in Gqeberha gereël word.

Al hierdie spelers sal Saterdag aandete en Sondag ontbyt ontvang. Die 16A-rugbyspan sal Sondagmiddag 'n ligte middagete ontvang voordat die vlug vertrek.

Alle seuns is verantwoordelik vir hul eie vervoer Sondagmiddag vanaf Kaapstad Internasionale Lughawe.

Groep 8: Landloop, 15A-Tennis, Bergfietsry, Debating, Skaak, 19A- & 16A-Muurbal, Hokkie 19BCDEF, Hokkie 16AB, Hokkie 14AB (R1600 p.p.)

Hierdie spanne sal Donderdagoggend (25 April) om 05:00 per bus vanaf PRG vertrek om ongeveer 16:30 in Gqeberha te begin arriveer om teen 17:00 by Grey-gashere uitgeplaas te word waar hulle dan Donderdag- en Vrydagaand sal oornag.

Grey-gashere sal verantwoordelik wees vir alle etes vanaf Vrydagaand tot Saterdagaand.

Hierdie groep sal Saterdagaand met die bus terugkeer na Stellenbosch. Busse sal om **18:00** vanaf Grey High vertrek en behoort Sondag 28 April vanaf **05:00** by PRG te arriveer.

Groep 9: Hokkie 16CDEF, Hokkie 14CDE, Rugby 19BCDEFG, Rugby 16BCD, Rugby 15BCDE, 14BCDE (R1600 p.p.)

Hierdie spanne sal Vrydaggoggend (26 April) om 05:00 per bus vanaf PRG vertrek om ongeveer 16:30 in Gqeberha te begin arriveer om teen 17:00 by Grey-gashere uitgeplaas te word waar hulle dan Vrydagaand sal oornag.

Grey-gashere sal verantwoordelik wees vir alle etes vanaf Vrydagaand tot Saterdagaand.

Hierdie groep sal weer Saterdagaand met die bus terugkeer na Stellenbosch. Busse sal om **18:00** vanaf Grey High vertrek en behoort Sondag 28 April vanaf **05:00** by PRG te arriveer.

ALGEMEEN:

- Seuns wat aan meer as een sportsoort deelneem, moet asb. reis en bly saam met die span van die sport waaraan hy volgens die program eerste deelneem. Hy moet ook die kostes betaal van die sportsoort waaraan hy eerste deelneem.
- Leerders mag saam met hul ouers reis en bly mits hul dit vooraf reël en geskrewe bevestiging van hul ouers by hul spanbestuurders inhandig.
- Voltooi asb die volgende skakel rakende die toer: **https://forms.gle/Pq7sPxY5M9YT9zod9** *(kopieer en plak indien die skakel nie werk nie)*
- Moet asb. nie voor die skool parkeer wanneer u u seun Sondag (28 April) kom oplaai nie. Maak asb. gebruik van die area voor die skool se gimnasium of parkeer in Noordwalstraat aan die oorkant van die rivier.
- Elke leerder wat by Grey-gasheergesinne tuisgaan, moet asb. 'n geskenk (nie wyn nie) saamneem om hul vir hul gasvryheid te bedank.
- Daar sal aan elke seun 'n sitplek op 'n bus geallokeer word en hy moet asb. op daardie sitplek en bus bly vir die rit na en van Gqeberha .
- Let asb. daarop dat die busse geskeduleer is om Sondagoggend vroeg genoeg te arriveer sodat die seuns uitgerus kan wees vir 'n volle skooldag Maandag.
- Sien asb. die aangehegte wedstrydbepalings. Neem asb. kennis dat hierdie program nie finaal is nie en steeds onderhewig aan verandering is.
- Seuns moet asb. hul eie kospakkies vir die busrit saamneem. Kosgangers sal 'n kospakkie by die koshuis ontvang.
- Indien ouers ook as ondersteuners na Gqeberha reis, vra ons dat seuns eerder by hul ouers tuisgaan om sodoende die druk op Grey te verlig met betrekking tot huisvestinggetalle.

KOSTES:

Gelde is vanaf Dinsdag, 9 April 2024 tot 22 April 2024 in die onderstaande bankrekening betaalbaar. Verwys asb. na u seun se huidige sportspan om voorlopige kostes te bepaal, maar wees bewus daarvan dat hierdie bedrag aangepas mag word sou u seun intussen van span verander.

Paul Roos Gimnasium
ABSA
Stellenbosch
Rek no.: 410 142 791
Takkode: 334410
Verwysing: Grey/u seun se naam/u seun se span bv. Grey/PRoos/14CHokkie
E-pos asb. bewys van betaling aan cbezuidenhout@paulroos.co.za

Vir enige navrae, kontak asb. vir Stephan Jordaan by sjordaan@paulroos.co.za.

LET ASB DAAROP DAT DIE SKOOL GESLUIT SAL WEES OP VRYDAG 26 APRIL.